

7~ RESUMÉ EN OOP-EINDE

7.1

Die “grootmensagtige” kind Jesus

In hierdie studie is aangetoon dat dit een van die bedoelings van die Griekse, Romeinse en Israelitiese kindheidsvertellings oor heldefigure was om ’n konsistensie in karakter, waarvoor die held in volwassenheid bekend was, te demonstreer. Hierdie verhale verhoog in sommige gevalle die status van die kind dat dit ’n nabyheid met die goddelike sfeer insluit, sodat ons selfs kan praat van ’n god-kind. Dit blyk ook die geval te wees met die uitbeelding van Jesus in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Die verteller van hierdie biografies-diskursiewe evangelie bring Lukas se storie in lyn met Hellenisties-Semitiese en Grieks-Romeinse biografiese parallele waar hulle protagonis tipies die leermeesters oortref – net soos die *KindEvTom* se Jesus dit doen.

Jesus se strafwonders en antisosiale gedrag in hierdie Griekse manuskrip van die *KindEvTom* het soortgelyke parallele. As kind verrig Jesus wonderwerke slegs omdat sy volwasse ewebeeld dit doen, nie net omdat hy goddelik is nie. Hy vervloek diegene om hom omdat die verteller die volwasse Jesus hoog ag, op dieselfde vlak as ’n profetiese Elia en die helde in die Grieks-Romeinse literatuur. Die verteller skilder Jesus op “onortodokse wyse” (kyk bespreking van die opmerkings deur die kerkvaders Irenaeus en Epiphanius in hoofstuke 2 van die studie) – maar nie as gevolg ’n dosetiese Christologie of “gnostiese” minagting van die wêreld nie. Die verteller in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) se Jesus is goed gesosialiseer in die konteks van sy biologiese familie, die Israelitiese bure en die Israeliete in die algemeen wat hulle te midde van nie-Israeliete in die Diaspora bevind (kyk weer die bespreking van die openingsvers in hoofstuk van hierdie studie).

Die uitbeelding van Jesus in hierdie Griekse manuskrip van die *KindEvTom* pas in die patroon van die god-kind mite – ’n tipe storie wat (soos elders in die Nuwe Testament en ander Hellenisties-Semitiese en Grieks-Romeinse literatuur) die held se

verbintenis met die goddelike aandui en wat op sy toekomstige verhewe status sinspeel.

Soos die volwasse Jesus van die Nuwe-Testamentiese evangelies, wek die *KindEvTom* se Jesus 'n seun uit die dode op (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 9), vervloek hy sy teenstanders (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 3:2-3; 4:2; 5:1; 13:2), en verrig 'n verskeidenheid wonderbaarlike handeling wat die lewendmaking van voëls insluit (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 2:4), die suiwering van water (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 2:1), die verlenging van 'n houtbalk (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 12:2) en die dra van water in 'n ondigte kledingstuk (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 10:2).

Ander verhale sinspeel op spesifieke episodes in Jesus se volwasse jare wat vir die Ebionitiese vroeg-Christelike geloofsgemeenskap van betekenis was: die uitstuur van die twaalf apostels (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 2:4) en die konflik met die Fariseërs oor die beskouing van die Sabbat (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 2–3).¹

Sommige van die mikrovertellings in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) toon 'n besonder sterk parallelle inhoud met ander kinderverhale. Die leermeester-episodes, wat ook die perikoop “Jesus in die Tempel” (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 17), insluit, toon dat Jesus sy leermeesters oortref, net soos Philo se Moses. Herakles, net soos Jesus, slaan selfs sy leermeester. Al hierdie kinders, of hulle nou gode, digters, keisers, staatsmanne of heiliges is, word geëer vir hulle gawe om te kan leer. Volwasse wysheid is die waarmerk van die geïdealiseerde voorstellings van hierdie figure as kinders. Die antieke mens sou noodwendig die doelbewuste verbintenis tussen die *KindEvTom* se Jesus en hierdie ander figure maak.

Daar is geen aanduiding in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) wat vroeë lesers van die stories sou ontstel nie. Die vroegste kerkskrywers Johannes Chrysostomos² (circa 386-398 nC) van Antiogië en

¹ Selfs sy ontmoeting met die seun van Annas verwys na die latere konflik tussen Jesus en die hoëpriester. In die *KindEvTom* is dit egter die hoëpriester Annas (verteenwoordig deur sy seun) wat ly en nie Jesus nie.

² *Homilae in Joannem* (17): “Daarom, in kort, is dit vir ons duidelik dat die wonders wat sommige aan Christus se kindertyd toedig, vals is en slegs konkoksies van diegene wat dit onder ons aandag bring” (Ἐντεῦθεν ἡμῖν λοιπὸν δῆλον, ὅτι καὶ τὰ σημεῖα ἐκεῖνα, ἃ παιδικὰ εἶναί φασι τοῦ Χριστοῦ, ψευδῆ καὶ πλάσματὰ τινῶν ἐπεισαγόντων ἐστίν) (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 59:410).

Epiphanius³ van Salamis (376 nC), het negatiewe kommentaar op die stories in die *KindEvTom* gelewer (kyk weer bespreking in hoofstuk 2 en 4 van hierdie studie), klaarblyklik nie omdat die strekking daarvan aanstoot gegee het nie, maar omdat hulle Johannes (Joh 4:46, 54) se aanspraak dat Jesus geen wonderwerke voor sy eerste teken in Kana gedoen het nie, weerspreek. In die vierde eeu, binne die konteks van die “Ortodokse” vroeë Christendom, was dit ideologies belangrik dat daar volgens die maatstaf van die *regula fidei* harmonisasie met die aanvaarde evangelies sou wees. Dat Jesus vir “strafwonderwerke” verantwoordelik was, het ideologies volgens die antieke samelewingsverwagtings nie probleme geskep nie.

Die skildering van Jesus in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) is in lyn met die gangbare pre-moderne mitologiese paradigma gedurende die eerste agtien eeue van die oorlewering van hierdie kindheidsevangelie. Van al die vroegste kommentators op die *KindEvTom* (kyk Chartrand-Burke 2001), verwys slegs ’n enkele in ’n sesde-/sewende-eeuse lys van apokriewe – wat in die *De receptione haereticorum* van Timoteus van Konstantinopel ingevoeg is⁴ (kyk weer bespreking in hoofstuk 2 en 4 van hierdie studie) – na die *KindEvTom* as “doseties” en “adoptionisties” wat in konflik is met die “Ortodokse” vroeë Christendom.

Op ’n formele vlak wil dit voorkom of die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) geskryf is met ’n bewustheid dat dit

³ Epiphanius, *Panarion* 51.20.2-3 (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 41:923D-925A).

οὔτε γὰρ πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ἐν γάμῳ φάσκει τὸν Χριστὸν ἠκέναι· οὐ γὰρ ὅλως τι τῶν θεοσημείων καὶ τοῦ κηρύγματος πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ὁ Χριστὸς εἰργάσατο, εἰ μὴ τι ἄσδεταί περὶ αὐτοῦ ἐν παιδί πεποιηκέναι, ὡς ἐν παιγνίῳ, ὡς τινες φάσκουσι. καὶ ἔδει τῷ μὲν ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν, ἵνα μὴ πρόφασις γένηται ταῖς ἄλλαις αἰρέσεσι, ταῖς λεγούσαις, ὅτι ἀπὸ τοῦ Ἰορδάνου ἦλθε Χριστὸς εἰς αὐτὸν, ὅπερ ἔστιν ἡ περιστέρα.

“Want Johannes het nie gesê dat Christus na ’n bruilof gegaan het voor die versoeking nie, ook het Christus nie voor die versoeking enige goddelike tekens volbring of enigsins gepreek nie – behalwe miskien dít wat hy as kind in spel volbring het. Want ook hy is veronderstel om wonderwerke as kind te gedoen het, om die ander ketterye, wat aanvoer dat “die Christus”, met verwysing na die duif, na hom gekom het [na sy doop] in die Jordaan, van ’n verskoning te ontnem.”

⁴ Timoteus van Konstantinopel, *Rec haer* (in *Patrologia Graeca* [geredigeer deur J-P Migne] 86:22C):

Τὰ Παιδικὰ λεγόμενα τοῦ Κυρίου, ἃ συνέταξαν οἱ αὐτοί, θέλοντες δόκησιν ἀποφῆναι τὴν σάρκωσιν αὐτοῦ, καὶ οὐκ ἐν ἀληθείᾳ.

“Die sogenaamde kindheidsgeskiedenis van die Here wat diegene opgeteken het wat sy menslike inkarnasie as illusie en nie as realiteit nie, wil verkondig.”

verstaan moet word – en inderdaad alleen verstaan kan word – as dit teen die agtergrond van ander literatuur, veral Lukas-Handelinge, verstaan word. Die insluiting van Lukas se tempelstorie antisipeer ’n voortsetting tot in Jesus se volwasse loopbaan en kon ook Lukas se weergawe van die verwekking van Jesus (na analogie van dié van keiser Augustus – kyk Van Aarde 2001:112) vooronderstel.

Die negatiewe stories in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verteenwoordig die patroon van ’n tipies Mediterreense eer-skande konflik (“challenge-riposte”) tussen Jesus en leermeesters. Indien hulle sy goddelike meerdere wysheid bevestig (soos in die tempelstorie in Lukas), tree Jesus as vriend, broer en seun tot voordeel van sy familie en bure (as uitgebreide familie) op. Indien die leermeesters nie sy wysheid erken nie, tree Jesus dienooreenkomstig met “strafwonderwerke” op.⁵ Hierdie redaksionele tendens, soos ons in hoofstuk 2 en 4 van die studie uitgewys het, is onteenseglik Ebionities van aard.

Tog is Jesus geen gewone kind nie. Hy pas in die model van die god-kind. Carl Jung (in Segal 1998:27) beskryf hierdie motief soos volg:

One of the essential features of the child motif is its futurity. The child is potential future ... It is therefore not surprising that so many of the mythological saviours are child gods. This agrees exactly with our experience of the psychology of the individual, which shows that the “child” paves the way for a future change of personality. In the individuation process, it anticipates the figure that comes from the synthesis of conscious and unconscious elements in the personality.

Jesus se “status” van god-kind word op verskillende maniere in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) betuig. Hy beskik oor ’n volwassenheid en wysheid wat nie by sy jeugdige ouderdom pas nie. Selfs op vyfjarige ouderdom, reageer Jesus met kriptiese spreuke en enigmatiese leerstellings

⁵ Dit beteken nie dat daar geen ander nuanses in die *KindEvTom* is nie. Dit is byvoorbeeld moontlik om die vloek op die seun van Annas, – “jou vrug (sal wees) sonder wortel en jou spruit verdroog soos ’n tak wat deur ’n sterk wind afgebreek is” (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 3:2) – as ’n *vaticina ex eventu* vanuit ’n post-70 nC perspektief te interpreteer. Die implisiete Tora-kritiek ten opsigte van sabbatdagheiliging (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:4) kan ook as ’n polemiese verwysing na die wysheid van die Israelitiese tempel-élite verstaan word. Hierdie “tempel-ideologiekritiek” verswak egter nie die Ebionitiese tendens in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) nie.

teenoor diegene rondom hom.⁶ Sy goddelike wysheid manifesteer veral in sy ontmoetings met leermeesters en ouer persone (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:8-10; 8:1; 13:2; 14:2-4; 17:2-4). Hierdie “manifestasies” wek by omstanders die gewaarwording dat Jesus op ’n manier anders is: “óf ’n god óf ’n engel” (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 7:4).

Wat die “goddelikheid” van die kind Jesus betref, toon die uitbeelding van Jesus in die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) ’n ooreenkoms met die jeugdige Moses, Apollonius en Herakles. Hulle beskik klaarblyklik almal oor bo-menslike wysheid, maar die bron van hulle wysheid word nooit eksplisiet geopenbaar nie. Die skildering van die kind Jesus in die *KindEvTom*, toon dus die kenmerke van ’n gangbare ideaal in die antieke tyd.

Die storie van “Jesus en die Leermeester” vorm die sentrum in die struktuur van die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Die eerste verwysing daarna beslaan ongeveer ’n derde van die geskrif, en saam met die bykomende leermeester-episodes, vorm dit ’n drieledige vertelling wat op die sentrale tema in die boodskap van dié weergawe van die *KindEvTom* dui, naamlik dat die *kind* Jesus, en nie die *volwasse* leermeesters nie, die een is wat onderrig.

Hierdie vermoë en wysheid bring Jesus soos Moses, Apollonius en Herakles in die nabyheid van die goddelike. Soos hierdie helde-figure, is Jesus ’n *god-kind*. Al die ander verhale in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr

⁶ Die eerste aanduiding hiervan kom voor in Jesus se antwoord op sy vader se tugtiging in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 5:3:

‘Ο δὲ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· ἀρκείτο σοι τὸ ζητεῖν με καὶ εὐρίσκειν μὴ, πρὸς τοῦτο καὶ μὴ λυπίζειν. φυσικὴν ἀγνοίαν ἐπιλαβόμενος καὶ οὐκ εἶδες μετὰ φῶς τί σου εἶμι. ἴδε, οἶδας μὴ λυπεῖν με. σὸς γὰρ εἶμι. καὶ πρὸς σε ἐχειρῶσθην.

“En Jesus het vir hom gesê: Dit is vir u genoeg om my te soek en my nie te vind nie, maar moenie hieroor bedroef wees nie. Terwyl u ’n vanselfprekende onkunde het, u sien nie saam met die lig dat ek uit u kom nie. Kyk, u weet nie hoe om my te bedroef nie. Want ek is u s’n en ek is aan u uitgelewer.”

Kort daarna volg die “openbaringsdiskoers” van hoofstuk 6 wat almal wat geluister het, tot swye gebring het:

Ἐνεβόησαν δὲ Ἰουδαῖοι μέγα καὶ εἶπαν αὐτῷ· ὦ καινοῦ καὶ παράδοξου θαύματος. τάχα πενταετὶς ἦν τὸ παιδίον, καὶ ὡ ποῖα φθέγγεται ῥήματα· τοιούτους λόγους οὐδέποτε οἶδαμεν, οὐδένοσ ἐιρηκότος, οὐδὲ νομοδιδασκάλου, οὐδὲ φαρισαίου τινὸς ὡς τοῦ παιδίου τούτου (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:5).

“En die Judeërs het hard uitgeroep en vir hom gesê: ‘O, wat ’n nuwe en ongelooflike wonder! Waarskynlik is die kindjie [maar net] vyf jaar oud en, o, watter woorde spreek hy nie uit nie! Hierdie woorde het ons nog nooit geken nie; niemand het [dit] ooit gesê behalwe hierdie kindjie nie – nóg ’n leermeester van die wet, nóg ’n Fariseër!’”

453) weerspieël hierdie tema en funksioneer as demonstrasie van Jesus se krag en gesag as 'n god-kind. Van die oomblik dat hy die skoolvertrek binnekom, is dié seun reeds vol kennis. Hy is nooit geleer nie, maar kan nogtans onderrig. Jesus se wysheid is van goddelike oorsprong.

Wat egter belangrik is om in die boodskap van die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) raak te sien, is dat hierdie uitbeelding van Jesus – alhoewel konsistent na analogie van die geïdealiseerde uitbeeldings van kinders in antieke biografieë – nie op hierdie wyse geïdealiseer is omdat sy ouers hom so wou hê nie. In hierdie opsig verskil die *KindEvTom* van die kulturele konvensie ten opsigte van die samelewingsverwagting van ouers jeens kinders. Die *KindEvTom* se Jesus is self die grootmensagtige god-kind, ongeag wat sy familie of vriende of leermeesters verwag het hy moet wees.

Wat ons in die *KindEvTom* het, is nie 'n menslike kind wat as goddelik geïdealiseer is nie, maar 'n god-kind wat as menslik voorgestel word. Om egter dosetiese of adoptiaanse motiewe in te lees, is om die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) nie te onderskei van die ander Griekse weergawes van hierdie kindheidsevangelie nie (kyk weer hoofstuk 2 en 4 van hierdie studie). Dit gaan in die onderhawige Griekse manuskrip nie daarom dat die god-kind Jesus nie werklik mens was en daarom nou as menslik voorgestel word nie. Hierdie Jesusbeeld is die gevolg van “gnostisering” en alle tekens daarvan in die bronne is deur die verteller in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) uitgeweer.

Vanuit die perspektief van 'n sosiaal-wetenskaplike verklaring van hierdie Griekse manuskrip kan ons sê dat die verteller in dié “biografies-diskursiewe” kindheidsevangelie die jong Jesus as volwasse en wys teken, nie omdat hy regtig óf menslik is óf nie is nie, maar omdat sy volwasse wysheid (terwyl hy 'n kind is) hom – die god-kind – in die oë van die aanhangers van die Ebionitiese vroeë Christendom menslik maak. Wanneer hierdie erkenning aan Jesus gegee word, naamlik dat die Jesus 'n god-kind is – soos die vertellings in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) oor die leermeesters daarvan getuig – handel die goddelike kind as seun, broer en vriend met menslikheid teenoor familie en vriende.

Die studies oor die god-kind mite kan dus help om die *KindEvTom* eksistensiaal op 'n hermeneutiese wyse te ontsluit. Volgens Jung dien die god-kind

mite om “normale volwassenes aan te spoor om hulle onbewuste te herken en om dit met die ego-bewuste te integreer” (Segal 1998:27). Daarom, kontra Freud, bevorder mites psigologiese groei, eerder as om dit te vertraag. Die skrywer-filosof-antropoloog Roland Barthes (1957:142-143) beskryf die funksie van die mite as om “realiteit leeg te maak” en om die “leë geskiedenis” met “natuur” te vul. Dit beteken dat alledaagse ervarings na ’n verbeeldingswêreld geprojekteer word; met ander woorde, “realiteit” word “leeggemaak”. Die verbeeldingswêreld bestaan uit voorstellings wat ooreenstem met die alledaagse ervarings, anders gestel, die “leë geskiedenis” word met “natuur” gevul. Lewenskrisisse word dikwels draaglik gemaak deur in ’n alternatiewe toestand van bewussyn te leef,⁷ of soos ’n ander navorser dit stel: “[M]yth transforms history into nature by stealing language from one context then restoring it in another so that it appears like something ‘wrestled from the gods’ when in fact it is simply recycled language” (Salyer 1995:237). Vir Jung (1967) neig die menslike verstand om simbolies uiting te gee aan wat nie intellektueel verstaan word nie. Hy redeneer dat die potensiaal om argetipiese betekenis te formuleer, reeds in mense teenwoordig is nog voor taal bemeester word. Dit blyk dat die argetipes soos bloudrukke is vir die organisering van temas wat herhaaldelik in menslike ervarings voorkom, soos die mitiese kind as simbool van die lewenslange proses van psigologiese grootwordproses (Jung 1984:164; vgl. Segal 1998:28). In verskillende kulture en op verskillende tye sal ’n argetipiese inhoud, volgens Jung, simbolies op verskillende maniere uitgedruk word, maar dit sal steeds die basiese menslike ervaring wat dit onderlê, reflekteer.

Segal (1998:28) formuleer Jung se begrip van die psigologiese funksie van die mitiese kind soos volg: “Child myths depict children as both youngsters and future adults. The child is truly the father to the man.” Die *KindEvTom* se god-kind Jesus was in die konteks van vroeë Christenskap klaarblyklik so ’n simbool vir die Ebionitiese geloofsgemeenskap.

⁷ James ([1902] 1985:388) beskryf “alter state of consciousness” soos volg: “[O]ur normal waking consciousness, rational consciousness as we call it, is but one special type of consciousness, whilst all about it, parted from it by the filmiest of screens, there lie potential forms of consciousness entirely different. We may go through life without suspecting their existence; but apply the requisite stimulus, and at a touch they are there in all their completeness, definite types of mentality which probably somewhere have their field of application and adaptation. No account of the universe in its totality can be final which leaves these other forms of consciousness quite disregarded. How to regard them is the question, – for they are so discontinuous with ordinary consciousness. Yet they may determine attitudes though they cannot furnish formulas, and open a region though they fail to give a map. At any rate, they forbid a premature closing of our accounts with reality.”

Ons leef vandag nog volgens ons eie god-kind Jesus-mite – soos ons Kersfeestradië byvoorbeeld toon. Mircea Eliade se formulering is “almost identical psychologically.” Vir Eliade (in Meadow 1992:188-189) gee mites sakrale of religieuse betekenis aan fisiese objekte en menslike optredes. Eliade formuleer dit soos volg: “They are thus exemplary models, human acts through which one relives the myths that give meaning to religious life. Reliving the myth abolishes time and puts one in touch with the real.”

Dit is argetipies dat kind-wees nie na waarde geag word nie. Ons wil altyd iemand anders as onself wees en kan nie *outentisiteit* in wat ons *is*, vind nie. Ons sukkel om goddelikheid in nie-volwassenheid raak te sien. Dit is moeilik om God in kind-wees te identifiseer. Konvensioneel is wysheid alleen by volwassenes te vind! Die god-kind mite was in die antieke Mediterreense literatuur uitdrukking van hierdie menslike optrede. Die storie oor die god-kind Jesus in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) vertel ’n soortgelyke storie, maar beklemtoon die teenwoordigheid van die goddelike in kind-wees en nie in volwassee-wees nie. Hierdie kindheidsevangelie wil ons help om as volwassenes in te sien hoe ons ons kinders te gou as grootmense wil beskou, omdat kinders deur ons gemanipuleer word om ons ambisies as volwassenes te volvoer. So ontnem ons onself en ons kinders die eksistensie van om net menslik te wees. Herken egter die goddelike in die kind, en menslikheid word moontlik. Dit is die eksistensiële boodskap van die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) oor Jesus se weldade en genesings. Die alternatief is nie-outentieke bestaan wat in hierdie weergawe van die *KindEvTom* in stories oor “strafwonderwerke” en “doodmaak” vertel word. Die god-kind mite wil die sakrale in kind-wees herstel en wil “volwassenheid” as *menslike heilheid* uit die grootmenswêreld neem en deelmaak van die lewe van die kind.

7.2

Samevatting

Hierdie ondersoek na die *KindEvTom* fokus op die vraag waarom die skrywer die magtige dade – ontvang as seëninge en vervloekings – vertel asof Jesus ’n

volwassene is. Dit kon moontlik gewees het dat die skrywer geïnspireer was deur vertellings uit die antieke tyd waarin die heroïese dade van gode, keisers en filosowe teruggeprojekteer is na hulle kindertyd. Die studie argumenteer dat die antwoord op hierdie vraag eerder gevind kan word in die kombinasie van mite-interpretasie en samelewingsverwagtings met betrekking tot kinders in 'n Hellenisties-Semitiese konteks. Die doel van hierdie studie is dus om die geskiedenis van die Griekse manuskripte- en vertalingsgeskiedenis van die *KindEvTom* as 'n tweede-eeuse kindheidsevangelie te ondersoek en die elfde-eeuse Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) as die mees outentieke teks te identifiseer en in Afrikaans te vertaal. Die studie illustreer dat die waarskynlike konteks waarin hierdie Griekse manuskrip van die *KindEvTom* sinvol gekommunikeer het, die Ebionitiese vroeë Christendom was. Deur die aanhalings van die *KindEvTom* in die literatuur van kerkvaders te identifiseer en te ondersoek, asook deur die Griekse uitdrukkings en frases in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) te vergelyk met dié in die weergawes in ander Griekse manuskripte (dié in *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532], *Kodeks Bologna* [Univ 2702] en *Kodeks Atheniensis* [Cod Ath Gr 355]) en vroeë vertalings (byvoorbeeld dié in Siries, Arabies, Ethiopies, Latyn, Georgies en Slawies), kan 'n gnostiserende tendens in die boodskap uitgeskakel word en eerder Ebionitiese tendense bevestig word. Die kindjie Jesus word in positiewe interaksie met sy biologiese familie geteken en dit bring redding vir ander Israëliete mee. Hierdie redding manifesteer wanneer die goddelikheid van die kind deur Israel se leermeesters herken en erken word.

Die studie betoog dat die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die genre van 'n biografies-diskursiewe evangelie-tipe verteenwoordig. Dit beteken dat die narratiewe en argumentatiewe struktuur van hierdie kindheidsevangelie ernstig geneem word, asook die verskynsel dat die *KindEvTom* se narratiewe argument in die vorm van die antieke god-kind mite gegiet is. In hierdie mite tree die kind op asof hy 'n volwassene is. Hierdie grootmensagtige optrede van die kind Jesus word nie op 'n *allegoriese* wyse geïnterpreteer nie. Synde 'n mite, word die boodskap eerder *tautegories* vertolk en op 'n sosiaal-wetenskaplike wyse verklaar.

Sleutelterme:

- Die Kindheidsevangelie van Tomas
- Griekse manuskripte van die Kindheidsevangelie van Tomas
- Vroeë vertalings van die Kindheidsevangelie van Tomas
- Kind-wees in antieke tyd
- Ebionitiese vroeë Christendom
- Gnostiese vroeë Christendom
- Mite-teorie
- God-kind mite
- Allegorie en tautegorie.